



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

**AFRIKAANS HUISTAAL V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepeenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- FEIT/MENING en 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepeenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee, drie of vier feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word **BEIDE** die letter aanvaar **EN** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Hy betrek lesers emosioneel ✓ deur sy sintuiglike beskrywings van vroeër dae / tye ✓ hy laat hulle vervloë dae beleef ✓ (Enige 2 van bogenoemde 3)	(2)
1.2	Hy noem handelsname ✓/ Of 'n reuk ✓/ Of klanke ✓/ Of deur te verwys na volkstradisies ✓/ of deur die noem van kenmerkende periodestyle ✓ (Enige 3 van die 5 wyses)	(3)
1.3	Die oorsaak is mense in leiersposisies wat nie vertrou kan word nie. ✓ Die gevolge is voortdurende konflik, ✓/ agterdog tussen mense van verskillende rasse ✓/ agterdog tussen mense van verskillende klasse ✓/ agterdog tussen mense van verskillende geslagte. ✓ (1 punt vir die oorsaak en enige 2 van bogenoemde gevolge)	(3)
1.4	Mense weet nie hoe om op te tree teenoor die verlede, hul ouers, hul eie mense se tradisies sowel as ander mense met ander tradisies nie.	(1)
1.5	Die vorming van identiteit is problematies as gevolg van skuld-gevoelens ✓ en talle onsekerhede ✓ en ontmaskerde leuens oor godsdienst, tradisionele gebruike ✓ en politieke assosiasies. ✓	(4)
1.6	Die slotsom is dat die mens nie na 'n plek verlang nie, maar na 'n tyd.	(1)
1.7	Die "huis" waarna jy verlang, is altyd onbereikbaar. ✓ Die selektiewe onthou is omdat baie onaangename aspekte vergeet word sodat die ideale verlede onthou word. ✓	(2)
1.8	Nostalgie kan deur enige iemand ingespan word, (ongeag politieke oortuiging).	(1)
1.9	Reistydskrifte se advertensies, en artikels laat mense verlang na eenvoudige tye van die verlede.	(1)

1.10	Ja. Ek stem saam, want sekere mense sal dit as verskoning ✓ gebruik omdat hulle hul posisie sal sien as onregverdig en dus “vergoeding” nastreef juis omdat daar hierdie ideale tydperk voorgehou word. ✓ OF	
	Nee. Almal weet dat nostalgie ’n onrealistiese oproep ✓/ op die verlede doen. ✓/ Daar kan nie na die verlede teruggekeer word nie, ✓/ want dit is tye wat verby is. ✓	(2)
1.11	Ons wil almal graag behoort en ons identiteitsvorming bepaal dat ons na spesifieke groepe mense neig. ✓	(1)
1.12	Daar is ’n verband tussen wie ons in die verlede was en dit wat ons word.	(1)
1.13	Die titel is nostalgie en die subopskrif verwys na ’n landskap/plek/tyd waarna mens terug verlang – die onbereikbare. ✓ Die leesstuk verduidelik wat nostalgie is, die oorsake, gevolge, gevare, en die verband tussen die omgewing wat ons vorm en dit wat ons uiteindelik word. ✓	(2)
1.14	Die man herroep die verlede, sy skooldae en verklaar dat dit die rede is tot sy gedissiplineerdheid en ordelikheid in TEKS B, terwyl ✓ paragraaf 3 die leser daarop wys dat nostalgie nie noodwendig met realiteit skakel nie (die man het ’n onrealistiese beeld van homself en sy dissipline en ordelikheid). ✓	(2)
1.15	Die seun is verstom/moedeloos/ontnugter en glo nie die volwasse man se stelling nie. ✓/ Die volwassene se gewoontes – rook – onversorgde hare ✓/ en die deurmekaar voorkoms van homself en sy omgewing stem nie ooreen nie en is teenstrydig. ✓ <i>(Enige 2 van die moontlike 3)</i>	(3)
1.16	Hy beklemtoon daarmee dat dit in sy dae beslis suksesvol was. ✓	(1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming:**

- **Opskrif/titel:** Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied./Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in **vol sinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/bepanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken vir HT:
 - 7 punte vir 7 feite
 - 3 punte vir taal

- Verspreiding van punte vir taal:
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- **Penaliseer soos volg:**
 - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer**.
 - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Antwoord: Die volgende feite MOET in PARAGRAAFVORM aangebied word.

Aanhalings uit die teks	Eie woorde
<ul style="list-style-type: none"> • Leerprobleme is 'n duidelike bepaler dat kinders sukkel met lees, skryf of sekere kognitiewe vaardighede wat nog nie goed ontwikkel is nie. 	<p>Leerprobleme is 'n duidelike aanduider dat kinders sukkel en laat ontwikkelaars kan wees.</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Emosionele probleme veroorsaak 'n tekort aan selfvertroue, angstigheid, selfs depressie en kan leerders se ontwikkeling strem. 	<p>Emosionele probleme kan ook daartoe lei ...</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Sosiale probleme kan lei tot onderontwikkelde vaardighede wat kinders se aanpassing en inskakeling beperk en soms word hulle ook geboelie. 	<p>Sosiale probleme kan veroorsaak dat kinders laat ontwikkelaars word.</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Leerders met huislike probleme en armoede se kans om as laat ontwikkelaars identifiseer te word, is baie hoër as ander leerders s'n. 	<p>Huislike probleme en armoede kan veroorsaak dat kinders laat ontwikkelaars word.</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Aandag-afleibaarheid en hiperaktiwiteit is verdere tekens. 	<p>Aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteit kan verdere tekens wees van laat ontwikkelaars.</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Sulke negatiewe skoolervarings laat dikwels die leerders en ouers moedeloos. 	<p>Negatiewe skoolervarings kan lei tot laat ontwikkeling.</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Leerders wat 'n onvoldoende sin vir verantwoordelikheid toon, ervaar nog nie verantwoordelikheid vir hul eie studie, besluite en lewe nie. 	<p>'n Onvoldoende verantwoordelikhedsin kan ook dui op laat ontwikkelaars.</p>

(71 woorde)

TOTAAL AFDELING B: 10

Paragraaf:

Leerderprobleme is 'n duidelike aanduider dat kinders sukkel en laat ontwikkelaars kan wees. Emosionele probleme kan ook lei daartoe dat kinders laat ontwikkelaars kan wees. Sosiale probleme kan veroorsaak dat kinders laat ontwikkelaars word. Huislike probleme en armoede kan veroorsaak dat kinders laat ontwikkelaars word. Aandag-afleibaarheid en hiperaktiwiteit kan verdere tekens wees van laat ontwikkelaars. Kinders wat laat ontwikkelaars word, kom ongemotiveerd jeens skoolwerk voor. 'n Onvoldoende verantwoordelikhedsin kan ook dui op laat ontwikkelaars.

(75 woorde)

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3****Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
 - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktiasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- By meervoudige keuse-vrae word **BEIDE** die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord en die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

VRAAG 3

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Persone wat films vir hul kameras koop/ persone wat graag foto's neem met kameras / Lesers van <i>Huisgenoot</i> .	(1)
3.2	Ja, die visuele voorstelling van die motorfietse wat spring en die aksie wat vasgevang kan word deur die film te gebruik, beklemtoon die sukses van Kodak-film.	(1)
3.3	Nee, dit word konnotatief gebruik – kleure kan nie letterlik spronge maak nie.	(1)
3.4	Snelwerkende	(1)
3.5	Moenie Ektachrome film probeer nie.	(1)
3.6	Goeie/baie	(1)
3.7	Bied dit geweldige veelsydigheid met minimale korrelrigheid?	(1)
3.8	Dit brei uit op dit wat voor die dubbelpunt staan, met ander woorde dit beklemtoon en verklaar waarmee jy beloon gaan word as jy Kodak kiekies neem./'n Verduideliking volg oor die voordele wat Kodak-kiekies inhou.	(1)
3.9	Die sin dui daarop dat daar nie 'n ander keuse is as om Kodak-film te gebruik nie aangesien dit die enigste keuse is.	(1)
3.10	Die leser word wysgemaak dat hy/sy die (goeie) tye van sy lewe móét vasvang in Kodak-film vir lewenslange herinneringe.	(1)
		[10]

VRAAG 4

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	Kondukteur, ek wil bietjie insluimer.	(1)
4.2	Insluimer	(1)
4.3	Beslis / gewis / doodreg	(1)
4.4	Die man vra (woedend) waar daardie kondukteur met die lang neus is.	(1)
4.5	Vanoggend / vandag / in die trein / in die bus / vinnig	(1)
4.6	Sy gesigsuitdrukking – kwaai oë, frons / oop mond Sy lyftaal – hy storm / loop vinnig en woedend voort / arms swaaiend / vuis gebal op soek na die kondukteur.	(1)
4.7	Onnosel = sot (het dieselfde betekenis)	(1)
4.8	(om) wakker (te) maak	(1)
4.9	Meer opgewonde	(1)
4.10	Hulle het beslis die verkeerde passasier by Brugpoort afgegooi!	(1)
		[10]

VRAAG 5

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Hy kan die onmoontlike vermag.	(1)
5.2	Onmiddellik / dadelik / eensklaps / spoedig	(1)
5.3	Visie	(1)
5.4	Moontlik	(1)
5.5	Maar	(1)
5.6	Op	(1)
5.7	Saamgestelde sin	(1)
5.8	Nêrens	(1)
5.9	Gesaghebbende	(1)
5.10	Daar moet doodgetrek word wat verby is. / Wat verby is, moet doodgetrek word.	(1)
		[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70